# Wysies, Wysheid en Wonders

## Simeon se Kerslied

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 28 Desember 2025

Ons staan vandag aan die einde van die Kersseisoen. Die liedere is gesing, die geskenke is oopgemaak, en die wêreld begin reeds terugkeer na sy normale ritme. En in hierdie stilte na die fees, ontmoet ons twee mense in die tempel: 'n ou man, Símeon, en 'n ou vrou, Anna. Die Bybel vertel ons die mees definitiewe ding oor hulle: hulle het gewag.

Símon en Anna se hele lewe was gerig op 'n oomblik wat nog moes kom. Hulle was mense in die wagtende modus. Tradisie sê dat Símeon oor die 100 jaar oud was—sommige sê selfs 113 jaar—'n leeftyd van volgehoue wag. Anna, 'n weduwee van ongeveer vier-en-tagtig jaar, het dekades lank dag en nag in die tempel gedien.

### Die Tragedie van Wag

Maar as ons eerlik is, kan dit vir ons moderne, gedrewe, produktiewe mense na 'n verskriklike tragedie lyk. Is dit nie 'n tragiese manier van leef nie—om altyd te wag op iets wat nog in die toekoms moet gebeur? Deur te wag op eendag, gooi jy nie vandag weg nie? Het Símeon en Anna nie kosbare geleenthede in die hede verbeur deur hulle oë so stip op die horison te hou nie? Om te wag voel passief, onvervuld, selfs soos 'n mors van die lewe.

Maar die Bybel bied 'n radikaal ander perspektief. Dit leer ons dat die geloofslewe nie net 'n aankoms is nie, maar die begin van ’n pelgrimskap. En die hart van 'n pelgrim is altyd ingestel op wag, op verwagting, op die reis na 'n beloofde bestemming. Hierdie "wag" is nie leeg nie; dit is 'n aktiewe, hoopvolle, lewensvormende krag.

Kyk na die grootste helde van ons geloof. Hulle was almal meesters in die kuns van heilige wag.

**Abraham**, die vader van almal wat glo, se lewe was 'n studie in wag. Hy het sy huis verlaat op 'n belofte, op pad na 'n plek wat hy nie geken het nie. En toe hy daar aankom, het hy nie 'n paleis gebou nie. Hy het in 'n tent gewoon.

**Hebreërs 11:9–10**

Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in ’n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Abraham se hede—sy tent—is gedefinieer deur sy toekomsverwagting—die stad van God. Sy

wag was nie passief nie; dit het hom gemotiveer om te gehoorsaam en te trek.

Dink aan **Dawid**, die man na God se hart. Sy diepste geloofsuitsprake is gebore uit oomblikke van intense wag, terwyl hy omring was deur vyande en onsekerheid:

**Psalm 27:13–14**

o, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie … . Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!

Sy wag was nie 'n swakheid nie; dit was die bron van sy krag. Dit was die inspirasie vir sy moed in die hede. In 'n ander Psalm bevestig hy hierdie lewenswet:

**Psalm 37:37**

Let op die vrome en kyk na die opregte, want daar is 'n toekoms vir die man van vrede...

Dawid verbind die vrede van vandag en die verwagting oor die toekoms is onlosmaaklik aan mekaar.

Miskien die mees verstommende voorbeeld is **Josef**. Dink aan sy lewe. Hebreërs 11 verwys tereg na Josef as een van die groot geloofshelde. Ons stem natuurlik saam met die skrywer. Ons dink aan voorbeelde van Josef se indrukwekkende geloof:

- Genesis 39: Sy getrouheid in diens van Potifar, wat hom as slaaf gekoop het, (al Potifar se sake word onder Josef se beheer geplaas), en sy morele integriteit toe hy die seksuele versoekings van Potifar se verlydelike vrou weerstaan.
- Genesis 40: Sy volhardende geloof en getrouheid in die tronk (die hele tronk word onder sy bestuur gestel).
- Genesis 41: Hy word die eerste minister van Egipte, regeer met wysheid, red die omliggende wêreld van ondergang deur hongersnood.
- Genesis 45: Sy vergifnis van sy broers wat hom as slaaf verkoop het.

En tog, die Hebreërskrywer noem nie een van hierdie dinge nie, soos ek beslis sou gedoen het. Die verbasende, vreemde eienskap van Josef as geloofsheld wat Hebreërs 11 uitlig as dié een uitstaande eienskap van Josef se geloof, is dat Josef tot by sy dood 'n opdrag gee oor wat van sy beendere moet word! Dit klink byna absurd, tot 'n mens mooi daaran dink. Die skrywer wil uitwys dat Josef iemand was wat sy hele lewe lank na die toekoms gekyk het. 'n Pelgrimhart wat wag op wat kom:

**Hebreërs 11:22**

Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente.

Sy hele lewe, tot sy laaste asem, was 'n pelgrimslewe. Hy het gewag.

Hierdie heilige wag, hierdie pelgrimshart, is die teenoorgestelde van die wêreld se

benaderings tot die toekoms.

’n Bybelse toekomsverwagting...

- Is nie fatalisme nie... wat sê, "Wat sal gebeur, sal gebeur. Ek kan niks daaraan doen nie." Heilige wag is aktiewe vertroue in 'n persoonlike God wat beloftes maak en dit hou.
- Is nie misplaaste selfvertroue nie... wat sê, "Ek glo in myself en ek sal die toekoms oorwin." Heilige wag is gewortel in God se krag, nie ons eie nie.
- Is 'n naïewe voorspoedsleer nie... wat sê, "God sal niks slegs oor my pad laat kom nie." Dawid en Josef het verskriklike lyding verduur. Hulle wag was nie vir 'n pynlose lewe nie, maar vir God se uiteindelike verlossing.
- Is nie luiheid nie...—wat sê, “Ek hoop vir 'n goeie toekoms,” terwyl hy weier om 'n vinger te verroer. Soos die waarskuwing in...

**Spreuke 20:4**

In die herfs ploeg die luiaard nie; en verlang hy iets in die oestyd, dan is daar niks nie.

Om na die toekoms toe te lewe is ’n deurlopende Bybelse waarheid, en selfs die sekulêre sielkunde sien dit as ’n wesenlike deel van heel wees. Navorsing toon oorweldigend dat 'n positiewe toekomsverwagting—hoop—noodsaaklik is vir geestesgesondheid. Mense met hoop ervaar laer vlakke van depressie en angs, het 'n sterker sin vir betekenis, en is sterker en meer veerkragtig in moeilike tye.

’n Invloedryke studie deur die sielkundige C. R. Snyder en sy kollegas het die rol van hoop in die herstelproses van pasiënte met ernstige brandwonde ondersoek. ’n Baie belangrike studie, aangesien brandwondbeserings uiters pynlik is, lang hospitaalverblyf vereis, en dikwels tot blywende fisiese en emosionele trauma lei. In hierdie, en ander opvolgstudies, het navorsers bevind dat pasiënte met hoër, aktiewe hoopvlakke aansienlik minder pyn ervaar het en selfs vinniger uit die hospitaal ontslaan is. Hoop op die toekoms was vir hierdie pasiënte nie net 'n passiewe wens nie; dit was 'n aktiewe interne krag wat die fisiese pyn beter hanteer het, en selfs verminder het, en die fisiese genesingsproses versnel het.

In 'n ander meer subtiele, maar ook baie indrukwekkende studie, is daar gevind dat mense met 'n hoër toekomsverwagting ('n hoopvolle ingesteldheid) 'n laer risiko gehad het om verkoues en griep op te doen wanneer hulle aan die virus blootgestel is. ’n Groot vrywillige groep is na onderhoude in twee groepe gedeel, die wat uit die onderhoud gesien is as mense wie se toekomsverwagting negatief was, en die wat gesien is as mense met ’n positiewe toekomsverwagting. Die positiewe groep het na blootstelling aan die virus dramaties minder infeksies opgedoen as die negatiewe groep. Selfs wanneer sommige van die positiewe, hoopvolle groep wel siek geword het, was die simptome meestal minder ernstig.

Dit is asof die wagtende hart van Símeon en Anna nie net hulle siel voorberei het nie, maar hulle hele wese—liggaam en gees—in 'n toestand van groter weerbaarheid geplaas het. Wanneer die hart gefokus is op die regte ding, word die hede—vandag—onmiddellik beter en meer betekenisvol.

Maar die Bybel gaan oneindig dieper. Dit sê nie net dát ons wagtend moet wees nie, maar dit

dui aan waarop ons wag. Símeon en Anna se lewens was nie net 'n les in wag nie; dit was 'n meesterklas in wag op die regte ding. En dit is waar die lewe werklik die moeite werd word.

**Lukas 2:25-40**

25EN daar was ’n man in Jerusalem met die naam van Símeon; en hierdie man was regverdig en vroom en het die vertroosting van Israel verwag, en die Heilige Gees was op hom.

26En aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie.

27En hy het deur die Gees in die tempel gekom; en toe die ouers die Kindjie Jesus inbring om met Hom te handel volgens die gebruik van die wet,

28het hy Hom in sy arms geneem en God geloof en gesê:

29Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord,

30omdat my oë u heil gesien het,

31wat U berei het voor die oë van al die volke —

32’n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel.

33En Josef en sy moeder het hulle verwonder oor die dinge wat van Hom gesê is.

34En Símeon het hulle geseën en aan Maria, sy moeder, gesê: Kyk, hierdie Kind is bestemd tot ’n val en ’n opstanding van baie in Israel en tot ’n teken wat weerspreek sal word —

35ja, ’n swaard sal deur jou eie siel gaan—sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word.

36En daar was Anna, ’n profetes, die dogter van Fánuel, uit die stam van Aser. Sy was op baie ver gevorderde leeftyd en het van haar maagdom af sewe jaar lank met haar man saamgelewe;

37en sy was ’n weduwee van omtrent vier-en-tagtig jaar. Sy het nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag.

38En sy het in dieselfde uur daar gekom en die Here geprys en van Hom gespreek met almal in Jerusalem wat die verlossing verwag het.

33En toe hulle alles volbring het wat volgens die wet van die Here was, het hulle teruggegaan na Galiléa, na hulle stad Násaret.

40En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom.

Ons sien hier...

**Die Lewenswet: Jou Wag Word Gevorm Deur Jou Begeerte**

Símeon en Anna se wag was nie leeg nie, want dit was gevul met 'n diep, gefokusde verlange. Lukas sê Símeon het "die vertroosting van Israel verwag", en Anna het dadelik gaan vertel aan die "wat die verlossing verwag het."

Die objek van hulle hoop was dit wat hulle geglo het God wou kom doen. En hulle wag was nie passief nie. Terwyl Símeon gewag het, het hy 'n spesifieke lewe gelei: hy was "regverdig en vroom". En Anna, sê die Skrifgedeelte, was "op baie ver gevorderde leeftyd"—vier-en-tagtig jaar as weduwee, en waarskynlik oor 'n honderd jaar oud. Sy het "nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag." Hierdie was haar daaglikse, volgehoue daad van wag.

Dit was die pad waarop Símeon en Anna geloop het terwyl hulle oë op die horison gerig was. Dit onthul die groot lewenswet: Waarop jy wag, word bepaal deur wat jy begeer, en dít vorm hoe jy vandag leef.

Die tempel was vol mense. Priesters, Skrifgeleerdes, gewone mense. Honderde het daardie dag gekom en gegaan. Toe Josef en Maria met hulle baba inkom—'n arm, onopvallende paartjie—het niemand twee keer gekyk nie. Maar Símeon sien. En Anna sien.

Hoekom? Omdat hulle hele lewens 'n voorbereiding was om te sien. Hulle harte, wat so lank begeer en gewag het vir die Troos van Israel, het die vermoë ontwikkel om die objek van hulle begeerte te herken. Dit was nie hulle natuurlike oë wat gesien het nie; dit was die oë van hulle hart, geoefen deur jare se heilige wag.

Dit is 'n ongelooflike intieme waarheid vir ons elkeen. Waarop wag jy vandag? Waarna smag jou hart? Is dit finansiële sekuriteit? Is dit aftrede? Daardie dinge is nie noodwendig sleg nie, maar as hulle die sentrale begeerte van ons hart is, vul hulle ons visie en maak hulle ons blind vir die ware Troos wat God voor ons wil plaas.

Die Woestynvaders het 'n paar eeue na Christus gesien hoe sekulêr die kerk word. Hulle het die woestyn ingegaan om die geraas van hierdie soort lewe van 'n nominele geloof sonder lewensverandering teen te staan. Ook om mededingende begeertes stil te maak, sodat die een, ware begeerte vir God kon oorneem. Een van hulle het gesê:

"Cut the desire for many things out of your heart and so prevent your mind being dispersed and your stillness lost." (Evagrius Ponticus)

Símeon het hierdie stilte in die middel van die besige Jerusalem gevind. Hy en Anna se lewens was 'n diep toewyding aan een groot verwagting. En omdat hulle hart so suiwer gefokus was, kon die Heilige Gees aan Símeon openbaar dat sy wag nie tevergeefs sou wees nie (vers 26). God ontmoet 'n wagtende hart.

Toe die Verlosser waarvoor hy gewag het in Símeon se arms geplaas word, was die vrug van sy lang wag nie uitbundige verrassing nie, maar diep, diep vrede.

## Die Vrug van Wag: Persoonlike Vrede en Universele Passie

Símeon se lied, die Nunc Dimittis ("Nou laat U gaan"), is die uiteindelike lied van vervulling.

Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord, omdat my oë u heil gesien het...

Sy lewe is voltooid. Die wag is verby. Die doel is bereik. Die lewe was die moeite werd. Hy het nie gevra vir 'n langer lewe of rykdom nie. Hy het gevra om God se Heil—Sy Verlossing—te sien. En nou dat hy dit gesien het, is hy gereed om te gaan.

Dit is die Evangelie vir elke mens: die oomblik as jy Jesus in jou arms neem, wanneer jou lewe se diepste wag in Hom vervul word, vind jy 'n vrede wat die wêreld nie kan gee of neem nie. Daardie vrede wat sê: "Dit is genoeg."

Maar let op wat onmiddellik gebeur. Die lied eindig nie met Símeon se vrede nie. Dit vloei onmiddellik uit na die hele wêreld:

...u heil, wat U berei het voor die oë van al die volke — **'n lig tot verligting van die nasies** en tot heerlikheid van u volk Israel.

Die oomblik toe Símeon sy persoonlike verlossing vashou, het hy die hart van God gesien. God se verlossing is nie 'n privaat skat wat weggesteek moet word nie. Die vrede wat in die hart van die wagtende gelowige kom, is bestem om 'n lig vir die nasies te wees.

Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen 'n lewe van heilige wag, die persoonlike vrede wat uit vervulling spruit, en 'n passie dat ander ook hierdie Lig moet sien. Jy kan nie sê jy het die Verlosser in jou arms geneem, en dan jou arms toehou vir die wêreld nie.

En Anna se reaksie is diesefde as Símeon s'n:

En sy het in dieselfde uur daar gekom en die Here geprys en van Hom gespreek met almal in Jerusalem wat die verlossing verwag het.

Haar persoonlike lofprysing word onmiddellik 'n openbare getuienis. Sy gaan soek die ander "wagters". Sy deel die goeie nuus dat die wag verby is. Haar blydskap, alhoewel diep persoonlik, moes eenvoudig oorloop.

'n Ware ontmoeting met Christus, die vervulling van jou diepste wag, maak jou onvermydelik 'n sendeling. Geloof in die Evangelie en passie dat ander die Evangelie moet hoor, kan nooit van mekaar geskei word nie.

Maar die verhaal neem 'n skielike, donker wending.

## Die Konfrontasie: Die Swaard in die Siel

Die oomblik van sagte vrede word gevolg deur 'n harde profesie van konflik. Nadat hy die gesin geseën het, draai Símeon na Maria en sê:

Kyk, hierdie Kind is bestemd tot ’n val en ’n opstanding van baie in Israel en tot ’n teken wat weerspreek sal word — ja, ’n swaard sal deur jou eie siel gaan—sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word.

Die ongemaklike waarheid van die Evangelie: Die Een vir wie ons wag, die Troos van Israel, is ook 'n bron van pyn en verdeling. Die Een wat vrede bring, bring ook 'n swaard.

Om Jesus te omhels, is nie net om vertroosting te omhels nie. Dit is om konfrontasie te omhels. Hy is 'n “teken wat weerspreek sal word”. Niemand kan neutraal oor Hom bly nie. Hy dwing 'n keuse af. Vir sommige is Hy 'n opstanding; vir ander is Hy 'n val.

Die lig wat Hy bring, openbaar nie net God se genade nie; dit openbaar ook die donker gedagtes van ons eie harte. En dit is pynlik. Dit is die swaard wat deur die siel gaan—nie net Maria s'n nie, maar ook ons s’n.

Jesus is ons grootste Vriend, maar Hy is ook die grootste Opponent van ons begeerte om ons onafhanklike self te wees, in beheer van ons eie drome en verwagtings en manier van lewe. Om Hom in jou arms te neem, beteken om die swaard van Sy waarheid te aanvaar wat daardie selfsugtige self moet deurboor.

'n Ware, Bybelse hoop is nie 'n naïewe optimisme wat pyn ignoreer nie. Dis 'n eerlike hoop wat staar na die realiteit van die swaard, omdat dit weet dat die Een wat die swaard dra, ook die Een is wat verlossing bring.

Die Woestynvaders na wie ek verwys het, het verstaan dat die geestelike lewe 'n voortdurende stryd is. Só het Sint Antonius die Groter dit gestel:

"The great work of a man: always to take the blame for his own sins before God and to expect temptation to his last breath.” (St. Anthony the Great)

Om die Christus in jou arms te neem, beteken om hierdie spanning te aanvaar: Hy is jou Redder én die Een wat jou diepste motiewe konfronteer. Hy is jou Troos én die Een wat jou tot 'n daaglikse stryd roep. Dit is hierdie voortdurende daad van selfverloëning, hierdie bereidwilligheid om die swaard van waarheid te aanvaar, waaroor ons toewyding gaan—’n toewyding wat ons in staat stel om die ware Christus te sien, Hy met die verlossing en die swaard.

## Die Oop Arms van die Wagter

Ons het begin met die vraag: Is 'n lewe van wag 'n vermorsing? Die antwoord van Símeon, Anna, Abraham, Dawid en Josef en suisende ander, is 'n oorverdowende nee. 'n Lewe van heilige wag is die enigste lewe wat werklik die moeite werd is, want dit is 'n lewe wat gevul is met die regte begeerte en gerig is op die regte bestemming.

Dis die laaste Sondag van die jaar. Kom ons begeer...

Die Oop Arms van Ontvanklike Wag... Om 'n Símeon en 'n Anna te wees wat leef met ruimtes van wag en verwagting. Mense wie se ontmoetings met Hom wat ons een groot verwagting is, sal oorspoel. Lewens wat vertel. En mense wat die swaard van ons Verlosser toelaat om ook in onsself te sny.

Want Hy is die Een wat gesny is. Wie se bloed vir ons gevloei het. Wat begeer het, gewag het, dat verlorenes soos ek en jy gevind moet word. Weer en weer gevind moet word.

Ons kom na ons laaste nagmaal van die jaar toe. Ons een begeerte wat ons koester vir 'n jaar wat kom, is om hierdie een wat sy alles vir ons gegee het, te ken, op Hom te wag

Símeon se Kerslied, en Anna se getuienis, is die lied van 'n lewe wat sy doel gevind het. Dit is die lied van 'n pelgrim wat by die huis aangekom het. Hoor jy die uitnodiging? In 'n jaar wat voorlê, o laat ons nie leef in die gejaag na wind nie, maar in die diep kuns van die siel, heilige wag, wag en verwagting.